

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 18

### Inleiding

Die engel het reeds in hoofstuk 17:1 gesê dat hy vir Johannes gaan wys hoe die groot hoer gestraf gaan word. Nou kom daar 'n ander engel van die hemel af wat deur simbole aan Johannes openbaar dat die vernietigingswerk van die groot Babilon deur God gedoen word.

Die groot hoer Babilon is nie net een plek/stad soos byvoorbeeld Rome nie. Dit is die sentrum/middelpunt van die wêreldryk – die hoofstad van die wêreld waar alle besluitneming gedoen word en alle regeerbesluite geneem word. Uiteraard is dit regering en besluite wat teen God en sy heerlikheid gaan.

Hierdie gedeelte van die openbaring in beeldspraak aan Johannes wys hoe die Here alles en almal wat die wêreld en sy leefstyl gekies en aangehang het, tot in ewigheid gaan oordeel. Dit bevat dus ook 'n sterk waarskuwing dat dit die eindresultaat is van 'n leefstyl waar mense hulle teen God verset en hulle van Hom af wegdraai.

In hoofstuk 18:1-3 word die val van Babilon aangekondig asof dit reeds geval en verbygegaan het. Op die stadium toe Johannes die gesig gesien het, was die val van hierdie wêreldstad nog nie ten volle in die geskiedenis uitgevoer nie. Daarom roep die Here die gelowiges op (vers 4-7) om uit hierdie stad uit weg te gaan – daar was nog tyd vir bekering. Die oproep is dus om te breek met die sondes van die wêreldstad

Vers 9-20 openbaar die verskriklikheid van die oordeel wat oor hierdie wêreldstad voltrek word.

Die onherroeplikheid van die vernietigende oordeel van God oor hierdie stad word volledig geopenbaar in vers 21-24.

### Vers 1

**En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.**

(Openbaring 18:1 AFR53)

Die gesig van hoofstuk 17 gaan oor in 'n totaal nuwe gesig – tog is dit 'n gesig wat aansluit by die openbaring van hoofstuk 17 (dis 'n verlengstuk daarvan).

Johannes sien 'n ander engel kom as die een van wie hy in die vorige hoofstuk gepraat het.

- Hierdie engel het ook 'n opdrag van God
- Hierdie engel het ook baie groot mag – uiteraard – want hy moet die stad Babilon en al die magte wat daarmee skakel, uitroei en vernietig!
- Daarin is sy heerlikheid so groot dat dit die hele aarde belig.

Dit is dus nie 'n geringe engel nie. Dit is een wat 'n baie hoë rang in die hemel het.

### Vers 2

**En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,**

(Openbaring 18:2 AFR53)

Soos dit eie is aan al die afkondigings wat God laat maak wat deur die hele aarde gehoor moet word, **roep** (kragtig roep = hard skreeu/afkondig) hierdie engel ook met 'n **groot stem** – dus baie hard en duidelik. Hierdie afkondiging bereik dus alle plekke en ore.

Hierdie engel het die opdrag van God ontvang om aan te kondig dat God Babilon verwoes. Die engel laat ook deurskemer dat God se raad so vasstaan dat dit nie verander kan word nie.

- Hy sê Babilon het al klaar geval, terwyl dit inderdaad nog gestaan het.
- Maar hy laat net met die woorde verstaan dat dit 'n uitgemaakte saak is dat dit met hierdie stad verby is.

Let op dat al hierdie slegte magte van afskuwelikheid nie vrywillig in Babilon is nie. Die engel sê **dit het geword...** Hierdie konstruksie teken die werking of beskikking van God. Hy maak dit dat dit so word.

- Hierdie duiwels en onreine geeste en onreine en haatlike voëls word daar opgesluit teen hulle sin, wat beteken dat die verskrikking binne-in hierdie stad voortdurend groei.
- Dit is die hel.
- Alles wat onrein en gehaat is, verpes die lug van die stad.

Hierdie kragtige waarskuwing moet die ore van elke mens op die aarde bereik sodat hulle kan weet om te breek met Babilon en haar sonde, terwyl daar nog 'n fraksie tyd oor is.

Uit hoofstuk 17 en 18 openbaar die Here by implikasie iets wat baie belangrik is:

- Dit blyk dat sonde die geaardheid het dat jy soos 'n verheerlikte voel, terwyl jy die sonde doen, maar dat jy net daarna in die oordeel van God die diepste vernedering deurgaen.

So hou Babilon meteens op om die woonplek te wees van mense. Dit word verwoes en verlaat. Bose geeste en onrein voëls woon dan daar. Dit word 'n stad van duiwels en demone – wat dit inderdaad nog maar die hele tyd was. Die mense het dit net nie agtergekom nie! Dit word uiteindelik 'n gevangenis waarin die kragte van die hel opgesluit word.

Kyk na die waarskuwing wat in die aankondiging self ingebou lê:

- Babilon was die voorbeeld wat almal nagestreef het.
- Haar hoogheid en waardes was onbevraagteken en onvoorwaar-delik aanvaar. Nou is haar vernedering so erg dat dit by alle vernedering verbygaan.
- Daar woon geen ordentlike mens meer nie, net die haatlike gedrogte van die hel.

*In die beeld word hier aangekondig van een stad – maar dit is 'n openbaring van die verloreheid en rampsaligheid van die hele goddelose wêreld.*

Vantevore het die Here al hierdie soort profesieë aangekondig. Dink maar aan die volgende twee uitsprake van die profeet Jesaja:

**Maar daar sal boskotte lê, en hulle huise sal vol uile wees; en volstruise sal daar hou, en veldduiwels daar rondspring. En wildehonde sal huil in sy kastele en jakkalse in die vreugde-paleise; en naby is sy tyd om te kom, en sy dae sal nie verskuif word nie.** (Jesaja 13:21, 22 AFR53)

**En boskotte kom wildehonde teë, en veldduiwels ontmoet mekaar; ook woon die naggees daar in vrede en vind 'n rusplek vir hom. Daar maak die pylsling sy nes en**

**lê eiers en broei dit uit en koester haar kleintjies daar in die skaduwee; ook sal die kuikendiewe daar bymekaarkom, die een by die ander.**

(Jesaja 34:14,15 AFR53)

**Soek in die boek van die HERE en lees! Nie een van hierdie wesens ontbreek nie, die een mis die ander nie; want my mond – dié het dit beveel, en sy Gees – dié het hulle bymekaar-gebring. En Hy het vir hulle die lot gewerp, en sy hand het die land aan hulle met die meetsnoer uitgedeel; tot in ewigheid sal hulle dit besit, van geslag tot geslag daarin woon.**

(Jesaja 34:16,17 AFR53)

Die Here het deur die eeue openbaar dat hy stede (magte/groepe mense) wat hulleself te hoog ag, vernietig. Dink aan die voorbeeld van Ninevé waarvan die Here profeteer in Sefanja 2:14, 15:

**En binne-in die stad sal troppe vee lê en allerhande gediertes by troppe, die pelikaan sowel as die krimpvarkie op sy kapitele vernag; hoor! daar word gesing in die venster; verwoesting sit op die drumpel, want hulle het die sederwerk afgeruk. Dit is die uitgelate stad wat so veilig gewoon het, wat in sy hart gesê het: Dit is ek, en niemand anders nie! Hoe het dit 'n verwoesting geword, 'n lêplek vir wilde diere! Almal wat daar verbytrek, spot, skud met die hand. (Sefanja 2:14, 15 AFR53)**

*Die waarskuwing van die Here is duidelik: Die plek waar die goddeloses hulle vryhede beoefen het – daardie selfde plek – word hulle gevangenis tot in ewigheid! Dit word 'n gevangenis van alles wat hulle geaardheid deel: 'n gevangenis van onreine geeste. Met hierdie openbaring van die Here word die verskriklikheid en angste van die hel geteken.*

Dink aan die Here Jesus se woorde:

**... dan sal die heer van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geweene wees en gekners van die tande.**

(Matteus 24:50, 51 AFR53)

### **Vers 3**

**omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. (Openbaring 18:3 AFR53)**

Waarom tref hierdie verskriklike oordeel Babilon? Die rede word hier gegee:

Haar sondes is die oorsaak. Dis ook nie net haar eie skuld wat haar by die Here in die moeilikheid het nie; dis ook die feit dat sy ander mense verlei het om haar te volg in haar sondes. Sy word dus ook gestraf omdat die wat sy afgetrek het in haar leefstyl in, op haar rekening staan.

Hierdie ding dat sy ander verlei het, is vir die Here so afstootlik dat Hy dit 'n paar keer noem:

**En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. (Openbaring 14:8 AFR53)**

**En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die**

**baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.**

(Openbaring 17:1, 2 AFR53)

In die Here se verwyt teen Babilon gaan dit oor haar politieke bestel en daarmee saam die sedelike verval wat daardeur bevorder is. Die Here openbaar dat sy inderdaad die hele mensheid met haar politieke bestel van die Here af weggetrek het.

Die Here spreek sy totale kerk hier direk aan: Elkeen wat die lewenstyl van Babilon in hierdie lewe opsoek en beoefen, gaan in hierdie plek beland in God se oordeel.

Babilon het in die lewe geblom in voorspoed en geluk. Sy het geblom van partytjies en drank. Dit was 'n stad waar geld en genot gevloei het. Die mense het handel gedryf en groot inkomste gehad. Maar toe hulle in die oordeel van God aanland, was daar niks wat hulle aan God kon wys nie, behalwe die reuk van pes en verderf.

Dis byna tekenend van die lewe wat ons ook ken: Geld in oorvloed maar tog vir baie mense steeds te min om aan God te kan gee wat Hom toekom. Daarmee gaan dikwels saam vriendekringe wat drink en fuif, en saam allerlei onheilige samekomste hou.

Toe die engel van God kom, het al hierdie grootse aardse vreugde omgeslaan in liggaamlike en geestelike smarte waarvan die eindes nie gemeet kan word nie.

Dis waarom Babilon geval het. Sy het in die wêreld vir die wêreld geleef. Sy het haar eie belange gedien en gruwelik teen God gesondig sodat haar skuldrekening nie meer betaal kon word nie.

**... en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.**

Hierdie woorde is belangrik. Ongelowiges het 'n gesegde – “besigheid is besigheid” – wanneer hulle oneerlik en oneties optree.

Dit gaan die styl van die handel van die eindtyd wees. Babilon gaan die totale handel van die eindtyd hanteer. Hierdie handelsverkeer gaan die stempel dra van goddeloosheid en bedrog en selfverryking.

Die Here het vroeër al na hierdie styl van handeldryf en die gevolge daarvan verwys:

**En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regter-hand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.**

(Openbaring 13:16, 17 AFR53)

Hierdie handelaars verval in baie diep ellendes wanneer Babilon val. Hulle ellendes en hulle armoede gaan hand aan hand. Wanneer die mag wat hulle magte gedryf het, in duie stort, verdwyn al hulle rykdom daarmee saam. God se toorn haal hulle dus almal in.

**Vers 4, 5**

**En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.**  
(Openbaring 18:4, 5 AFR53)

Omdat die val van Babilon aangekondig word voordat dit in die aardse geskiedenis gebeur, word die gelowiges opgeroep om uit die stad uit te gaan. Laastens word die onherroeplikheid van die oordeel beskryf.

Maar dis nie al wat Johannes sien en hoor nie. Hy hoor ook God se stem. Hierdie stem kom uit die hemel uit, van die troon van God af. Uit die inhoud van hierdie stem se woorde kan ons aanneem dit is God self wat hier praat.

Johannes sien hoe die Here 'n stad se lig uitdoof, maar hy hoor ook die bekommerde en liefdevolle God wat die ware gelowiges wat nog daar is, toeroep:

**Gaan uit haar uit, my volk, dat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê, en van haar plaë mag ontvang nie.**

*In die boek Openbaring is dit net hier en in Openbaring 21:3 dat die gelowiges God se volk genoem word.*

God se gemeente moet haar losbreek van hierdie genot van die wêreld, want wie nie uit die strate van Babilon uithardloop nie, gaan deur die donker binne-in die stad gevang word en sal nooit weer daar uitkom nie!

Ons hoor hierdie opdrag van die Here al in die Ou Testament:

**Gaan weg uit Babel, vlug weg van die Chaldeërs! Verkondig met jubelklank, laat dit hoor, bring dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: Die HERE het sy kneg Jakob verlos; en hulle het geen dors gehad nie, in die woesteny het Hy hulle gelei; Hy het water uit die rots vir hulle laat stroom en die rots geklowe, sodat die waters weggevloei het. Geen vrede, sê die HERE, vir die godde-lose nie! Vertrek, vertrek, gaan daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE!** (Jesaja 48:20-22 AFR53)

**Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE! Want julle sal nie baie haastig weggaan en nie soos vlugtelinge vertrek nie; want die HERE trek voor julle uit, en die God van Israel is julle agterhoede.**

(Jesaja 52:11, 12 AFR53)

**En Ek sal besoeking doen oor Bel in Babel en uit sy mond uit-haal wat hy verslind het; en geen nasies sal meer na hom toestroom nie. Ook val die muur van Babel. Gaan uit hom uit, my volk, en red elkeen sy lewe van die toornloed van die HERE!**

(Jeremia 51:44, 45 AFR53)

Hierdie oproep word in die Nuwe Testament voortgesit:

**Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees,**

**en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige. (2 Korintiërs 6:14-18 AFR53)**

Dit beteken dat die ware gelowiges inderdaad die vermoë het om met die sonde te breek en soveel weerstand teen verkeerde dinge te bied dat die sonde geen houvas op hulle sal hê nie.

Vergelyk hierby 1 Korintiërs 5:9-11:

**Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie — dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan — maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgode-dienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.**

(1 Korintiërs 5:9-11 AFR53)

Hierdie stad, Babilon, wat gemaak het of sy die bestuurder is van alles wat aan God behoort, word meteens in haar verwaande swakheid vasgevang. Haar lig gaan uit, omdat God dit doodmaak, en onreinheid en pes en verskrikking leef saam met die duiwels, en die hel van verwoesting vergroot by die oomblik.

Al die sondaars huil oor die verwoesting van Babilon.

Die Griekse woord wat in die Afrikaanse Bybel vertaal word met *volk* is *laos*. Die woord se algemene betekenis is: volk – enige volk. In Openbaring 21:3 word hierdie woord in die meervoud gebruik: volke. Die eksegetiese betekenis daarvan is dat God se (kerk)volk nie net uit een nasionaliteit bestaan nie. Die kerk kom uit verskillende volke.

So word die Here Jesus se bevel aan die dissipels waar:

**Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

(Matteus 28:19 AFR53)

Dit beklemtoon weereens die simboliese aard van die naam Babilon – dit is elke plek en alle mense/magte wat teen God en die Here Jesus Christus is.

**... sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie ...**

Die volk van die Here moet letterlik uit Babilon uit wegvlug, anders gebeur daar twee dinge – die een so onverkwiklik soos die ander:

- As die gelowiges deel van Babilon bly, het hulle gemeenskap met die sondes van Babel. Hulle kan net in die stad bly as hulle saamstem en deelneem aan die sondes van die stad. Dink hiervoor byvoorbeeld aan die volgende Bybelgedeelte:

**Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.**

(Jakobus 1:27 AFR53)

Ons bely dat ons van die sonde af sal wegvlug:

**Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?**

**Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).**

**(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.**

- Dit lei vanself tot die volgende saak: Dan word almal wat saam met die goddeloses bly en leef, ook saam met hulle deur God vernietig. As voorbeeld van meer uitsprake in die Bybel wat hiermee ooreenstem, kan die volgende gedeeltes gebruik word:

**Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.**

(Jakobus 4:4 AFR53)

**As Ek aan die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid en doen onreg, dan sal aan al sy geregtighede nie gedink word nie, maar deur sy onreg wat hy doen, daardeur sal hy sterwe. (Esegiël 33:13 AFR53)**

Die straf van die Here word beskryf as **haar plaë ontvang**. Almal wat in Babilon is wanneer die oordeel van die Here toeslaan, word met hierdie plaë getref. Dit beteken hulle word gestraf met die allerverskriklikste ellendes van die hel.

**Want haar sondes reik tot aan die hemel,**

- 'n Volgende rede vir Babilon se val was haar hoogmoed. Sy het so belangrik geword in haar eie oë dat sy haarself byna aanbid het. Die menslike verwaandheid wat nie onbekend is nie.
- Babilon se sondes het so ernstig en erg geword, dat dit opgestapel geraak het tot teen die hemel. Die Griekse woord wat ons vertaal met *reik* (*ekollêthêsan*) kan ook vertaal word met *vaskleef/vasklou aan*. Babilon se sondes kleef aan die hemel vas – met ander woorde dit besmet die hemel.

Die Bybel verwys hier apokalipties terug na Genesis 11:4-6:

**En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waar-van die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. (Genesis 11:4-6 AFR53)**

Die mense van Babel het 'n toring probeer bou wat tot aan die hemel raak.

- Hulle wou hulle teen God verset en God se mag en beskikking omverwerp.
- Uiteindelik het hulle sondes so ten hemele geskrei (aan die hemel geraak) dat God ingegryp en hulle vernietig het.

Die toring van Babel in Genesis 11 was dus 'n blote voorspel van Openbaring 18.

**... en God het haar ongeregtighede onthou ...**

Die Here onthou wie sondig en voltrek onkeerbaar sy straf. Let ook op die volgende Bybelgedeeltes:

Nadat die Here Lot uitgelei het, het Hy die oordeel oor Sodom voltrek – ook oor Lot se

vrou wat haar nie wou losmaak van die stad en sy sondes nie!

**Toe sê die HERE: As Ek in Sodom vyftig regverdiges vind binne-in die stad, dan sal Ek die hele plek spaar om hulle ontwil. En Abraham antwoord en sê: Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek alhoewel ek stof en as is. Miskien sal daar aan die vyftig regverdiges vyf ontbreek; sal U ter wille van vyf die hele stad verwoes? En Hy antwoord: Ek sal dit nie verwoes as Ek daar vyf en veertig vind nie. En hy het nog verder met Hom gespreek en gesê: Miskien sal daar veertig gevind word. En Hy antwoord: Ek sal dit ter wille van die veertig nie doen nie. Verder sê hy: Laat die Here tog nie toornig wees nie, en mag ek nog iets sê. Miskien sal daar dertig gevind word. En Hy antwoord: Ek sal dit nie doen as Ek daar dertig vind nie. Toe sê hy: Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek. Miskien sal daar twintig gevind word. En Hy antwoord: Ek sal dit ter wille van die twintig nie verwoes nie. Toe sê hy: Laat die Here tog nie toornig wees nie en laat my net hierdie keer mag spreek. Miskien sal daar tien gevind word. En Hy antwoord: Ek sal dit ter wille van die tien nie verwoes nie.**

(Genesis 18:26-32 AFR53)

**En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel, en Hy het hierdie stede om-gekeer en die hele Jordaanstreek, ook al die inwoners van die stede en wat op die grond groei. En sy vrou het agter hom om-gekyk, en sy het 'n soutpilaar geword. (Genesis 19:24-26 AFR53)**

**Mensekind, as 'n land teen My sondig deur troubreuk te begaan, en Ek my hand daarteen uitstrek en die staf van die brood daarvan verbreek en 'n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier uitroei – al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE. As Ek wilde diere in die land laat rondswerf, dat hulle dit kinderloos maak en dit 'n wildernis word, sodat niemand daar deurgaan vanweë die wilde diere nie – al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie; net hulle sou gered word, maar die land sou 'n wildernis wees. Of as Ek die swaard bring oor daardie land en sê: Laat die swaard deur die land trek! en Ek daaruit mens en dier uitroei – al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar net hulle sou gered word. Of as Ek pes in daardie land stuur en my grimmigheid daarvoor uitgiet in bloed, om daaruit mens en dier uit te roei – al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red.**

(Esegiël 14:13-20 AFR53)

Geen mens kan met die sonde heul en dink die sonde gaan nie op hom afgee nie. Dis wensdenkery om so iets te probeer regverdig. Die Here gee duidelike voorbeelde in die Bybel van hoe die sonde afgee op die (gelowiges) wat tussen die goddeloses woon:

**Daarop gaan Lot na hulle toe uit voor die ingang en sluit die deur agter hom toe en sê: My broers, moet tog nie kwaad doen nie. Kyk tog, ek het twee dogters wat geen man beken het nie; laat ek dié na julle uitbring, en doen met hulle soos dit goed is in julle oë. Net aan hierdie manne moet julle niks doen nie, want daarom het hulle onder die skaduwee van my dak ingekom. Toe antwoord hulle: Gee pad daar! En hulle sê: Hierdie een het gekom om hier as vreemdeling te vertoef en wil tog gedurig die baas speel. Nou sal ons jou meer kwaad doen as aan hulle. En hulle het sterk op die man, op Lot, aangedring en nader gekom om die deur oop te breek. (Genesis 19:6-9 AFR53)**



Die sterkste voorbeeld is sekerlik Genesis 6:1vv se geskiedenis wat uitgeloop het op die sondvloed:

**Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. (Genesis 6:1-3 AFR53)**

**Vers 6, 7**

**Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie – (Openbaring 18:6, 7 AFR53)**

Hierdie teksvers se woorde leen tot maklike misverstand deur 'n mens wat nie baie duidelik weet hoe God se Raad werk nie.

- Geen mens mag wraak neem of vergeld nie. Die Here verbied ons dit.
- Die imperatief wat hier staan – **vergeld!** – beteken nie dat dit die mense in Babilon is, of die engel wat die opdrag kry om die plek te vernietig, wat uit hulle eie op die stad Babilon mag losbrand nie.
- Hulle voer God se opdrag uit. Hy en Hy alleen neem wraak en vergeld. Kyk hiervoor na die volgende aantal uitsprake in die Bybel wat dit almal leer:

**vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; (Romeine 12:17 AFR53)**

**Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (Romeine 12:19 AFR53)**

**Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal. (1 Tessalonisense 5:15 AFR53)**

**Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. (1 Petrus 3:9 AFR53)**

**En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te ver-geld soos sy werk sal wees. (Openbaring 22:12 AFR53)**

Dit is God se uitsluitlike reg om alleen te straf/vergeld/wraak te neem. Die volgende aantal uitsprake maak dit baie duidelik dat God sal wraak neem en vergeld volgens sy reg en sy tyd:

**Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde. (Deuteronomium 7:10 AFR53)**

**Die HERE tog vergeld aan elkeen sy regverdigheid en sy getrouheid — die HERE het u vandag in my hand gegee, maar ek wou nie my hand teen die gesalfde van die HERE uitsteek nie. (1 Samuel 26:23 AFR53)**

**Veelmeer vergeld Hy die mens na sy werk, en volgens 'n man se wandel laat Hy hom ondervind. (Job 34:11 AFR53)**

**Julle moet die HERE liefhê, al sy gunsgenote! Die HERE bewaar die getroues en vergeld hom oorvloedig wat trots handel.**

(Psalms 31:24 AFR53)

**Verhef U, o regter van die aarde, vergeld die trotsaards hulle dade! (Psalms 94:2 AFR53)**

**Hoor — 'n rumoer uit die stad! Hoor — uit die tempel! Hoor — dit is die HERE wat sy vyande hulle dade vergeld!**

(Jesaja 66:6 AFR53)

**U sal hulle vergeld vir wat hulle gedoen het, HERE.**

(Klaagliedere 3:64 AFR53)

**Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlijkheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen ver-geld volgens sy dade. (Matteus 16:27 AFR53)**

Die Here se straf is ook in verhouding met die sonde wat teen Hom gepleeg is:

**Julle sê: God spaar sy onheil vir sy kinders op. Ek sê: Hy moes dit aan homself vergeld, dat hy kan voel! (Job 21:19 AFR53)**

**... en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het ... (vers 6)**

Die oordeel wat oor Babilon voltrek word, is die Here se oordeel en Hy kan instrumente gebruik wat Hy verkies.

- In hierdie geval gee die Here aan sy **volk** opdrag om die ver-gelding oor Babel uit te voer. Die Here doen dit dus self, maar Hy gebruik sy volk as instrument om sy straf uit te voer. *Volk* het hier die betekenis van *kerk*.
- Die Here beveel dat Babilon se straf dubbel so erg moet wees as wat sy gedoen het.
- Dis die tipiese werkswyse van die Here om so op te tree teen mense/volke wat teen Hom verhard raak. Lees maar net Jere-mia 17:18:

**Laat my vervolgers beskaamd staan, maar laat my nie be-skaamd staan nie; laat hulle verskrik wees, maar laat my nie verskrik wees nie. Bring oor hulle die dag van onheil, en ver-breek hulle met 'n dubbele verbreking.**

(Jeremia 17:18 AFR53)

Die dubbele straf druk nie letterlik twee keer soveel uit nie.

- Dit openbaar dat die oordeel van die Here volledig op Babilon afkom.
- Die Here wreek Hom volledig op Babilon vir dit wat sy Hom en sy kerk aangedoen het.
- Die woord *dubbele* beteken ook dat die straf oor Babilon lank en aanhoudend sal duur.

Die Here se straf is altyd regverdig en in die korrekte verhouding tot die oortreding/sonde wat begaan is. Daarom het die Here het sy eie volk ook dubbel laat boet vir hulle sondes. Lees maar die volgende gedeeltes:

**Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes. (Jesaja 40:2 AFR53)**

**Daarom sal Ek eers hulle ongeregtheid en hulle sonde dubbel vergelde, omdat hulle my land onheilig het met die lyke van hulle verfoeisels en my erfenis gevul het met hulle gruwels.**

(Jeremia 16:18 AFR53)

Die Here betaal die antichris in sy eie munt terug. Dit lê in die woor-de: **Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.**

- Daaruit kan afgelei word dat dieselfde wreedhede – en nog meer – waarmee Babilon die kerk vervolg het, op haar gaan terugkom.
- Sy gaan dieselfde beker drink waaruit sy die gelowiges laat drink het.

Hier is natuurlik 'n sinspeling op die Nagmaal.

- Die Here laat sy kerk ook uit 'n beker drink – die beker van danksegging! Dis 'n beker wat die verlossing en herskepping deur God se genade aan elke gelowige bevestig.
- Tydens die gang van die wêreld se geskiedenis het Babilon sy beker van geweld en haat op die gelowiges afgedwing. Die bedoeling is dat dit moet lyk asof die antichris se beker kragtiger is en meer te sê het as God se genadebeker.
- Die beker van Babilon is gebore uit totaal misplaaste verwaard-heid:

**Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, ... Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie —**

(Openbaring 18:7 AFR53)

Die kerk van die Here het ook al vroeër onder die besieling van die duiwel 'n soortgelyke uitspraak gemaak:

**... en gesê: Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd; jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie. Hoor dan nou dit, wellustige wat so veilig sit, wat in jou hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie. Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik, op een dag, oor jou kom: kinderloosheid en weduweeskap; in volle maat sal hulle jou oorval, ondanks die veelheid van jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe.** (Jesaja 47:7-9 AFR53)

Destyds het die Here sy volk hieroor gestraf met die Babiloniese ballingskap!

**... Ek sit as koningin ...**

- Die hinderlike in hierdie woorde is dat die antichris homself in die vroulike vorm bekendstel! Hy/sy heers as koningin!
- God word altyd geopenbaar as manlik. Hy is ons Vader wat in die hemele is.
- Die antichris keer dit om: Hy sien homself in 'n opperheerskappy (magtiger as God) en as vrou: 'n koningin.  
Sy mag kom tot uitdrukking in 'n eties goedkoop vertoon: **sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het.**

Babilon se opgesmuktheid teen God was dus uiters bewustelik gedoen. Sy het presies geweet wat sy doen.

**Vers 7**

**Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie —** (Openbaring 18:7 AFR53)

**Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen.**

- Uit die woorde *Namate ... na dié mate* is dit duidelik dat die Here steeds hou by die reël van vergelding – die straf pas by die misdaad.
- Hier word twee van Babilon se sondes genoem:
  - Sy het haarself verheerlik, en
  - weelderig geleef.
- Vir Babilon het alles om haarself gedraai – sy moes raakgesien word; dit het vir haar gegaan oor die eer wat sy kan kry.
- Vir God – Hy wat eintlik verheerlik moet word (Openbaring 4:11; 15:4) – het sy nie tyd gehad nie.
- Babilon het oorboord gegaan met haar uitspattige en weelderige lewe (Openbaring 17:4).
- Haar lewe is so totaal anders as wat pas by iemand wat die Here dien.
- Sy sal al die uitbuiting en vernedering, wat sy op andere laat afkom het om haar lewenstyl van verheerliking en weelde te handhaaf, terugkry.

**Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie -**

- Die Heilige Gees gee hier die rede hoekom die oordeel vir Babilon so erg sal wees.
- Al sien sy die verbroekeling van alles rondom haar, is sy nog dwaas genoeg om te sê sy is koningin en nie 'n weduwee nie en droefheid sal sy nie sien nie.
- In 'n wêreld waar mans alleen die sê gehad het, het vrouens dit moeilik gehad.
- Weduwees het dit nog moeiliker gehad, aangesien 'n vrou slegs deur haar man en kinders betekenis gehad het.
- Weduweeskap het droefheid en hartseer beteken.
- Hierdie beeldspraak het al in 'n vorge oordeel oor Babel weerklink:

**Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd; jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie. Hoor dan nou dit, wellustige wat so veilig sit, wat in jou hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie. Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik, op een dag, oor jou kom: kinderloosheid en weduweeskap; in volle maat sal hulle jou oorval, ondanks die veelheid van jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe. En jy het op jou boosheid vertrou, jy het gesê: Niemand sien my nie! Jou wysheid en jou kennis het jou verlei, sodat jy in jou hart gesê het: Ek is dit, en niemand anders nie! Daarom oorval 'n onheil jou wat jy nie sal weet om te besweer nie; en 'n onheil val op jou wat jy nie kan versoen nie, en skielik oorval jou 'n verwoesting sonder dat jy dit weet. (Jesaja 47:7-11 AFR53)**

**Vers 8**

**daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. Openbaring 18:8 AFR53)**

**... sal haar plaë op een dag kom ...**

Die oordeel tref Babilon die oomblik van die wederkoms. Dit is 'n baie skielike en onbekende oomblik. Die een oomblik gaan die lewe nog aan soos altyd. Die volgende oomblik is die wederkoms en die eindoordeel daar.

Die Here Jesus het die kerk al tevore gewaarsku dat dit so sal wees. Onthou sy woorde in Markus 13:32, 33:

**Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader. Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.**

(Markus 13:32, 33 AFR53)

Die Heilige Gees het die apostels Paulus en Petrus die Nuwe-Testamentiese kerke ook laat waarsku:

**want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.** (1 Tessalonisense 5:2 AFR53)

**Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.** (2 Petrus 3:10 AFR53)

In een van die openbarings aan Johannes is dit vir hom ook gesê – so gee hy dit vir ons deur:

**Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere be-waar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.** (Openbaring 16:15 AFR53)

**... dood en droefheid en honger ...**

- Die plaë wat gelyktydig op een slag op haar sal afkom, is dood, droefheid en honger **en met vuur sal sy verbrand word.**
- Die beskrywing openbaar dat haar einde in die hel sal wees – sy sal met vuur verbrand word.

Die beeld van die stad Babilon gaan oor in die beeld van 'n vrou. Sy het mos gesê:

**Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie –**

Nou haal die oordeel van die Here haar in.

- Die woord **dood** beskryf haar betrekkinge/verhoudinge wat almal tot niet gaan.
- Sy word dus nou 'n kinderlose weduwee. Sy het ook nie meer familie of vriende nie. Sy word dus alles wat sy gesê het sy nie sal wees nie! Die Here maak haar so!
- Dit is ook waarom sy nou so diep in rou is. Alles wat sy aan die kerk van die Here gedoen het, kry sy nou in dubbele mate!

Hierdie totale verwoesting en verskriklike smart en rou sak in 'n oogwink op Babilon toe.

- Daarmee openbaar God sy sterkte bo dié van Babilon. Die Here God is almagtig.
- Dít terwyl Babilon voorgegee het dat sy die koningin is – 'n regentes wat verhef was bo God en wat oor God en sy kerk geheers het!

**... met vuur sal sy verbrand word ...**

Die Here het dit al vooruit laat sê deur Jeremia:

**So sê die HERE van die leërskaer: Die breë muur van Babel sal tot op die grond toe afgebreek en sy hoë poorte sal met vuur verbrand word, sodat volke vir niks gearbeid het en nasies vir die vuur; en hulle sal afgemat wees.** (Jeremia 51:58 AFR53)

Die Here Jesus se boodskap was ook dat die aarde met die weder-koms deur vuur verbrand sou word. Trouens, dis die prediking waar-mee Johannes die Doper die Nuwe-Testamentiese bedeling inlui:

**Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoon-maak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand.** (Matteus 3:12 AFR53)

**Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur ver-brand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld:**

(Matteus 13:40 AFR53)

**Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waar-in die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.** (2 Petrus 3:10 AFR53)

**Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur, maar die kaf met onuitbluslike vuur verbrand.** (Lukas 3:17 AFR53)

### **Vers 9, 10**

**En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oor-deel gekom!** (Openbaring 18:9, 10 AFR53)

Hierdie verse openbaar dat die oordeel van God suiwer is en Hy kyk niks en niemand mis wat teen Hom in verset was tydens die aarde se geskiedenis nie.

- Daar is verskillende groepe wat sal huil en treurliedere aanhef oor die val van Babilon.
- Elkeen van die verskillende groepe het met die verloop van die vervaltyd voordeel getrek uit Babilon se goddelose leefstyl – 'n leefstyl waarmee voordeel getrek is uit die oortreding van beginsels wat vir God heilig is.

Om die verskriklikheid van die oordeel wat Babilon tref te laat insink by die hoorders/lesers van hierdie openbaring, word daar in die volgende aantal verse die treurliedere weergegee van die sondaar-groepe wat as gevolg van die straf van die Here oor Babel hulle voordele verloor het.

Dit is 'n groot kontras wat die Heilige Gees hier skep. In vers 20 word almal deur die Here opgeroep om te juig en te jubel oor Babilon se ondergang:

**Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!**

(Openbaring 18:20 AFR53)

### **En die konings van die aarde ...**

Die eerste groep wat hartlik aan die huil raak oor Babilon se ondergang, is die **konings**. Die woord *konings* is simbolies van die leiers van die eindtyd. Die konings is die simbool van al diegene wat aan haar goddelose politieke sisteme en valse godsdiens deel-geneem het.

- In die tyd toe die Here hierdie dinge aan Johannes geopenbaar het, was die woord *koning* maar die algemene woord om die hoogste leierskap mee te beskryf.
- Die leiers van die nasies is dus die mense wat in die regerings van die laaste tye oor die volke regeer – hulle neem deel aan 'n totaal onsedelike lewenspraktyk.

### **... wat met haar gehoereer en weelderig geleef het ...**

Die Here openbaar die karakter van die konings:

- Hulle is onsedelik.
- Hulle is seksueel losbandig – wat tekenend is van hulle hele lewe en lewenstyl.

*Die woord hoereer is 'n woord wat baie spesifiek gekies is, want regdeur die Bybel is hierdie woord in die geloofslewe van God se uitverkorenes gebruik om die verbreekte verhouding met Hom uit te beeld.*

Vergelyk byvoorbeeld die onderstaande aanhalings uit die Bybel. Daar is talle meer:

**Sluit tog nie 'n verbond met die inwoner van die land nie! As hulle agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer, sal hy jou uitnooi, en jy sal van sy offer eet;** (Eksodus 34:15 AFR53)

**en jy sal van sy dogters neem vir jou seuns, en sy dogters sal agter hulle gode aan hoereer en jou seuns agter hulle gode aan laat hoereer.** (Eksodus 34:16 AFR53)

**Hy het ook hoogtes op die berge van Juda gemaak en die inwoners van Jerusalem laat hoereer en Juda verlei.**

(2 Kronieke 21:11 AFR53)

**Dan sal die wat uit julle ontvlug het, aan My dink onder die nasies waarheen hulle as gevangenes weggevoer is, as Ek hulle ontugtige hart wat van My afgewyk het, en hulle oë wat agter hulle drekgode aan hoereer, verbreek het; en hulle sal vir hulself walglik wees weens die slegte dinge wat hulle gedoen het volgens al hulle gruwels.** (Esegiël 6:9 AFR53)

**Daarom, sê aan die huis van Israel: So spreek die Here **HERE**: Wat? Julle is verontreinig in die weg van julle vaders, en julle hoereer agter hulle verfoeisels aan;** (Esegiël 20:30 AFR53)

Waarin het die hoerebeeld van die leiers teenoor hulle onderdane uitgekom? (Dis nou behalwe dat dit duidelik was in hulle daaglikse seksueel verwilderde en sedelose lewens!)

Beredeneer dit van voor af. Die verduideliking is soos volg:

- ***Letterlik alle regeerders op die aarde is deur God daar-gestel!***
- Alle regeerders moet dus in die manier waarop hulle oor hulle onderdane regeer, die beeld van God vertoon. Niemand word van hierdie opdrag verskoon nie.

Die leiers van die eindtyd het al van die styl om soos God te regeer weggebreek.

- Hulle regeer nie meer met respek vir en liefde oor hulle onderdane nie.
- Hulle gebruik hulle onderdane bloot as pionne om hulle eie verderflike politieke beleide uitgevoer te kry.
- Om hierin te slaag word die burgers van daardie lande onmens-lik behandel. Daarvan het ons in ons tyd talle voorbeelde in verskillende lande.

*Let wel: Die moderne geskiedenis wys dat hoe goddeloser die regering is, hoe swaarder is die onderdrukking en mishandeling in daardie land!*

Dit verklaar ook waarom dit juis hierdie magte is wat hulle tot beskikking van die dier stel om saam teen die Lam oorlog te voer.

**En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

(Openbaring 17:12-14 AFR1953)

Dit is presies dieselfde spulletjie wat teen die stad Babel draai – wat weer tipies is van die onderlinge verdeeldheid en wantroue wat onder die satan se magte voorkom.

**En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.** (Openbaring 17:16 AFR1953)

**... sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,** (Openbaring 18:9 AFR53)

Hulle trane is nie oor die ellendes van die stad Babel nie!

- Hulle huil oor wat hulle persoonlik verloor omdat die stad vernietig word.
- Hulle sedeloosheid en hoerery wreek hom fisies op hulle
- Verder stort die wêreld se geldmagte in duie en hulle verloor hulle weelde en rykdom.

As mens die profesieë deurblaai, is daar verskillende profesieë oor die vernietiging van Babel.

- Natuurlik het daardie profesieë betrekking gehad op die historiese Babel soos wat dit toe bestaan het.
- Tog is dit ook duidelik dat daardie profesieë almal 'n verdere vervulling het as net die destydse verwoesting van Babel.
- Daar is 'n duidelike eskatologiese strekking in daardie profesieë.

Vergelyk byvoorbeeld die onderstaande Bybelgedeeltes:

**So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het.** (Jesaja 13:19 AFR53)

**dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die koning van Babel en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking!**  
(Jesaja 14:4 AFR53)

**So sal Ek dan teen hulle opstaan, spreek die HERE van die leërskare, en van Babel uitroei die naam en die oorblyfsel, kroos en nageslag, spreek die HERE.** (Jesaja 14:22 AFR53)

**Kom af en sit in die stof, jonkvrou, dogter van Babel! Sit op die grond sonder troon, dogter van die Chaldeërs! Want jy sal nie langer genoem word die vertroetelde en verwende nie.**  
(Jesaja 47:1 AFR53)

**laat Ek al die geslagte van die Noorde haal, spreek die HERE, en Nebukadrésar, die koning van Babel, my dienaar; en Ek sal hulle bring oor hierdie land en sy inwoners en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die banvloek tref en hulle maak 'n voorwerp van verbasing en van bespottling en ewige puinhope.** (Jeremia 25:9 AFR53)

**En as sewentig jaar vol is, sal Ek oor die koning van Babel en oor dié nasie, spreek die HERE, hulle ongeregtigheid besoek, en oor die land van die Chaldeërs, en sal dit ewige wildernisse maak.** (Jeremia 25:12 AFR53)

Let op die woorde:

**wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,**

Rook is in die Ou Testament simbool van offer (aan die Here en aan afgode):



- Vir die Here:  
**En Salomo het die HERE liefgehad deur in die insettinge van sy vader Dawid te wandel; hy het net gedurig op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan.** (1 Konings 3:3 AFR53)  
**En Salomo het drie maal in die jaar brandoffers en dank-offers gebring op die altaar wat hy vir die HERE gebou het, hy het naamlik rook laat opgaan by die altaar wat daar was voor die aangesig van die HERE, sodat hy die huis voltooi het.** (1 Konings 9:25 AFR53)
- Vir afgode:  
**En so het hy gedoen vir al sy uitlandse vroue wat rook laat opgaan het en geoffer het aan hulle gode.**  
(1 Konings 11:8 AFR53)  
**Net die hoogtes is nie afgeskaf nie; die volk het nog op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan.**  
(1 Konings 22:43 (22:44) AFR53)  
**Net die hoogtes is nie afgeskaf nie; die volk het nog geoffer en op die hoogtes rook laat opgaan.** (2 Konings 12:3 AFR53)
- 'n Reukoffer, loffer of dankoffer en gebed  
**En laat van wat gesuurd is, 'n loffer rook, en roep vry-willige offers uit, laat dit hoor! Want so is dit na julle sin, kinders van Israel, spreek die Here HERE.** (Amos 4:5 AFR53)

Rook is in Openbaring simbool van verskillende dinge, byvoorbeeld:

- 'n Reukoffer, loffer of dankoffer en gebed:  
**En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee. En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;**  
(Openbaring 8:2-3 AFR1953)
- Oordeel deur vuur  
**En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leekoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het;** (Openbaring 9:17-18 AFR53)

Die beeld van die (rook) en vuur wat oordeel is, is ook nie nuut nie. Hierdie beeld kom al uit die Ou Testament:

**Deur die grimmigheid van die HERE van die leërskaare staan die land in vlamme en het die volk geword soos 'n prooi van die vuur; die een spaar die ander nie.** (Jesaja 9:19 (9:18) AFR53)

Hierdie rook, as teken van God se oordeel, is ook die antwoord op die gelowiges se gebede dat God geregtigheid moet laat geskied (Openbaring 6:10).

**... terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging ...**  
(vers 10a)

Daar was al die eeue deur een ding wat baie sterk uitgestaan het: lafaards en mense

sonder beginsels het diegene met wie hulle saamgewerk het, in die steek gelaat wanneer dinge warm begin raak.

- Presies dit gebeur ook wanneer die Here Babilon straf! Al hierdie groepe laat Babilon in die uur van haar nood in die steek.
- Ewe skynheilig huil hulle (deelnemend aan) oor haar lyding, maar hulle wil nie betrokke raak nie! (Hoofstuk 18:10, 15, 17).
- Babilon sterf in die grootste eensaamheid.

Dit is uit selfsugtige selfverdediging dat die konings ver weg staan. Al is hulle hartseer oor die mag en die geld wat hulle verloor, is hulle bang die pyn wat haar aangedoen word, tref hulle ook.

- Die ondergang van Babilon is egter ook hulle doodsklokke wat lui. Al staan hulle ver weg om die pyn en ellendes te probeer ontvlug, tref dit hulle tog!

**... en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!**

Die geweeklaag word verwoord in hierdie uitroep van die konings. Die nasies het die wyn van die grimmigheid van haar hoerery geniet – dis die aggressie wat in bandeloosheid en sedeloosheid vasgevang lê. So het die goddelose sakemanne en seemanne ryk geword en verslaaf geraak aan Babilon se weelde.

Hulle het teen die stad gedraai (Openbaring 17:16). Hulle het gedink die stad sal nooit vernietig word nie. Noudat dit gebeur, is hulle geskok, hartseer en vervul met vrees! Hulle verstaan dat hulle nou self oor die afgrond gaan, want nou het hulle nie meer die rugsteun van die stad Babilon in hulle oorlog teen die Lam nie.

#### **Vers 11-14**

**En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie, koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele. En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie.**

(Openbaring 18:11-14 AFR53)

Die eerste treurlied was dié van die konings. Die tweede treursang kom nou aan die beurt – die treursang van die handelaars.

**En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, ... (vers 11)**

Net soos die konings sal ook die sakemanne oor die verwoeste stad ween en rou bedryf. Die lewe en die wêreld vir hierdie sakemanne het in duie gestort; die geldmark en alle markte is meteens net tot niet. Almal staar nou armoede in die gesig!

Die woorde – *ween* en *rou bedrywe* – teken 'n begrafnisatmosfeer. Natuurlik, want vir die sakemanne het alle sin in die lewe verdwyn. Dis nie 'n vreemde verskynsel vir ons wat in die moderne tyd lewe nie. Ons het presies hierdie selfde reaksie gesien toe die wêreldmarkte in die onlangse verlede al etlike kere in duie gestort het.

### **... omdat niemand hulle koopware meer koop nie, ...**

Dit is net by die sakemanne se gehuil en gekerm dat die Here 'n rede gee vir hulle diepe sielsongeluk. Die motivering wat vir die sake-manne se gehuil gegee word, is dieselfde as vir die gehuil van die konings en die seemanne: Hulle huil omdat die inkomste en voordele wat die stad Babilon vir hulle gebied het, meteens weg is! Hulle huil nie uit liefde vir die groot stad nie. Hulle huil om selfsugtige redes – die bevrediging van hulle wellus se vlerke is geknip.

Hulle markte is tot niet: Daar is niemand wat meer die goed van die sakemanne koop nie. Hulle huil ten diepste omdat hulle 'n groot verlies aan inkomste beleef – die weelde wat deur die goddelose stad aangebied is en waaruit die sakemanne ryk geword het, bestaan nie meer nie.

Die markte wat tot niet raak, behels alles wat ons ken – en wat ons ook verhandel.

**koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele.** (Openbaring 18:12, 13 AFR53)

Die lys kan in die volgende kategorieë verdeel word:

- Metale en edelgesteentes
- Luukse tekstielware
- Duur hout en boumateriaal
- Speserye en parfuum
- Kosprodukte
- Diere en mense

### **... slawe en mensesiele ...**

Dis skokkend. Die almagtige God alleen beskik oor mense se lewens. Die mens is sy beeld – sy kinders wat Hom moet dien en eer. Op die markte van die eindtyd probeer die antichris die beheer oor mense se lewens kaap. Hy koop en verkoop hulle na hartelus.

Hoe siek moet 'n samelewing raak as mense **slawe en mensesiele** aankoop om hulle eie wellus en rykdom te bevredig? Mense en diere word dus aan die einde van die tyd op een vlak gestel.

*Vraag: is dit waarop die aanvaarding van die evolusieleer afstuur?*

**En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie.** (Openbaring 18:14 AFR53)

Vraag: Is hier met die **vrugte** wat **begeer** word, 'n sinspeling op Genesis 3:6?

**Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.** (Genesis 3:6 AFR53)

Dit lyk tog asof die woordspeling van die Here verwys na die mens se verkeerde begeertes in die Paradys wat aan die einde uitloop op hulle begeertes wat in die sonde van die eindtyd 'n hoogtepunt bereik.

Dis waarskynlik waarom die Here die sakemanne daarop wys dat die vrugte wat hulle begeer het, saam met Babilon se val tot in ewigheid van hulle af padgee. Hulle sal nooit weer daarby uitkom nie.

Die leegheid en tydelikheid van die soort rykdom wat hulle begeer het, kom ook sterk uit. Hulle het nie 'n rykdom begeer *waar die mot en die roes nie verniel nie*. Met ander woorde, hulle begeertes het die koninkryk van God heeltemal misgeloop.

**Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.**

(Matteus 6:19-21 AFR53)

### Vers 15, 16

**Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!** (Openbaring 18:15, 16 AFR53)

Die sakemanne distansieer hulle ook soos die konings – hulle staan ver weg.

Die rede waarom hulle meteens die stad Babilon in die steek laat, is ook dieselfde as dié van die konings: Hulle vrees vir hulle eie veiligheid! Die vrees is selfs skerper gedefinieer: Hulle is bang dieselfde pyn gaan hulle aangedoen word wat Babilon aangedoen word.

Die ondergang van Babilon is ook hulle ondergang. Hulle wend egter 'n laaste poging aan om hulle eie vernietiging te ontduik.

**Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!**

Die gekerm van die sakemanne is woordeliks dieselfde as dié van die konings.

- Daar is wel enkele klemverskuiwings, soos byvoorbeeld dat die konings die stad die *sterk stad* genoem het, want hulle het die stad met mag geassosieer.
- Dis eie aan ryk mense om hulle rykdom te verstaan as 'n mags-posisie vir hulleself. Toe die konings hulle geld verloor, het hulle ook hulle mag verloor.

Die sakemanne benoem die stad in besigheidsterme, want die stad was vir hulle die simbool van besigheid en van handel: *wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels*.

- Vir hulle is die vernietiging van die stad sinoniem met die verlies aan inkomste.

### Vers 17-19

**En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad? En hulle het stof op**

**hul hoofde gegooi en onder geweën en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!** (Openbaring 18:17-19 AFR53)

Die derde groep wat geskok en diep bedroef is, is die seemanne.

- In wese verskil net hulle beroep van die ander twee groepe. Die inhoud van hulle lewensbenadering is dieselfde. Hulle is ontroue en onwaardige vennote. In die uur van Babilon se nood het die seemanne ook van die sinkende skip afgespring.

Hierdie seemanne distansieer hulle ook deur meteens ver van die stad af weg te staan – net soos die konings en die sakemanne. Die motivering is ook vrees en 'n poging om hulleself te beveilig. Hulle skok en rou gaan oor die seehandel wat hulle verloor:

**Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!** (Openbaring 18:19b AFR53)

Vir die betekenis van rook, sien die verklaring by vers 9, 10.

Hier in Openbaring 18:18 is rook die teken van God se oordeel wat oor Babilon voltrek word. Dit is terselfdertyd ook die antwoord op die gelowiges se gebede dat God geregtigheid moet laat geskied:

**En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuïenis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?** (Openbaring 6:9-19 AFR53)

Hierdie klaaglied van die seemanne stem ooreen met die klaaglied wat in Esegïel 27 geskryf staan oor Tirus:

**En almal wat die roeispaan hanteer, sal van hulle skepe afklim; die seevaarders, al die stuurmanne van die see, sal op die land gaan staan. En hulle sal hul stem oor jou laat hoor en bitterlik skreeu; en hulle sal stof op hul hoofde gooi, hulle wentel in die as. En hulle sal om jou ontwil 'n kaal plek skeer en rouklere aan-gord en oor jou ween met bitterheid van siel, in 'n bitter rouklag.** (Esegïel 27:29-31 AFR53)

Plekke soos Babilonië, Tirus en Rome het almal een ding in gemeen: Dit is plekke waar die antichristelike magte en kragte gekonsentreer was in die verlede. Hulle is simboliese voorlopers van die uiteindelijke wêreldstad met sy wêreldmag – Babilon – waar die antichris hom in die eindtyd sal vestig. Die vernietiging wat oor hulle almal kom, is tiperend van die onkeerbare almag van God.

**... hulle het stof op hul hoofde gegooi ...**

Daar is 'n paar uitdrukkings wat parallel loop in die Skrif. Almal het te make met iets wat op die hoof/kop geplaas word.

- Die eerste een is die uitdrukking van rou/skok of hartseer: **stof/grond/as op die hoof**. Voorbeelde:

**Toe het 'n Benjaminiet van die slagveld af gehardloop en dieselfde dag in Silo aangekom met geskeurde klere en grond op sy hoof.** (1 Samuel 4:12 AFR53)

**kom daar op die derde dag 'n man uit die leër, van Saul af, met geskeurde klere en grond op sy hoof. En toe hy by Dawid kom, val hy op die grond en buig hom neer.**

(2 Samuel 1:2 AFR53)

**Toe Mórdegai verneem alles wat gebeur het, het Mórdegai sy klere geskeur en 'n roukleed aangetrek, en daar was as op sy hoof; en hy het uitgegaan dwarsdeur die stad en hardop en bitter geskreeu. (Ester 4:1 AFR53)**

- Die tweede een dui die roeping deur God aan: **Gesalf met olie op die hoof.**

Voorbeelde:

**En Samuel het die kruik met olie geneem en dit op sy hoof uitgegiet en hom gesoen en gesê: Het die HERE jou nie gesalf as vors oor sy erfdeel nie? (1 Samuel 10:1 AFR53)**

**neem dan die kruik met olie en giet dit op sy hoof uit en sê: So spreek die HERE: Ek salf jou tot koning oor Israel. Maak dan die deur oop en vlug en vertoef nie.**

(2 Konings 9:3 AFR53)

- Die derde een dui oordeel aan: **kole op sy hoof.**

Voorbeeld:

**Want jy hoop gloeiende kole op sy hoof, en die HERE sal jou dit vergelde.**

(Spreuke 25:22 AFR53)

- Die vierde een is die simbool van verheerliking: **tulband op sy hoof**

Voorbeelde:

**En sit die tulband op sy hoof, en bevestig die heilige kroon aan die tulband.**

(Eksodus 29:6 AFR53)

**En hy het die tulband op sy hoof gesit en aan die tulband, aan die voorkant, die goue plaat, die heilige kroon, bevestig, soos die HERE Moses beveel het.**

(Levitikus 8:9 AFR53)

- Die vierde een is die simbool van skuld voor God: **bloed op sy hoof.**

Voorbeelde:

**Elkeen wat dan uit die deure van jou huis buitentoe gaan, dié se bloed sal op sy hoof wees, en ons onskuldig; maar elkeen wat by jou in die huis sal wees, dié se bloed sal op ons hoof wees, ingeval 'n hand teen hom is.**

(Josua 2:19 AFR53)

**as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. (Esegiël 33:4 AFR53)**

- Die seemanne se skok en rou oor die ondergang van Babilon word dus gesimboliseer deurdat hulle stof/grond/as op hulle koppe gooi. Vir die seemanne, net soos vir die konings en sake-manne, is die verwoesting van die groot stad Babilon soos 'n begrafnis.

*Ook in hierdie geval is hulle rou misplaas en vals. Hulle huil nie oor die stad en haar ellendes nie – hulle huil oor die skatte en weelde wat nou meteens vir hulle verlore gegaan het! Dit gaan dus oor hulle eie verliese en hulle eie vrese. Hulle sien in wat met Babilon gebeur 'n voorspel van wat hulleself ook nou gaan oorkom!*

## **Vers 20**

**Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!**

(Openbaring 18:20 AFR53)

In vers 20 word daar feesgevier.

- God gee opdrag aan die hemele om bly te wees! **Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het.**
- Die oproep is aan die adres van die gelowiges dat hulle bly moet wees! Die hemel, die apostels en die profete word opgeroep tot blydskap oor die verwoesting van die groot stad terwyl almal wat voordeel getrek het uit haar sedelose lewe nou staan en treur.

Die hemel deel niks van die hartseer en verdriet en ellendes van die konings en die sakemanne en die seevaarders (die res van die wêreld!) nie.

- Met **hemel** word verwys na al die diensknegte van die Here in die hemel – die engele, sowel as die gelowiges wat reeds gesterf het.
- Die **apostels en profete** verwys onderskeidelik na die Ou- en Nuwe-Testamentiese gelowiges en predikers.

Hierdie gereddes is egter nie onbewus van die hartseer van die anti-christelike magte (Babilon, die konings, sakemanne en seevaarders) nie. Nee, hulle sien alles, maar hulle juig daaroor! God is regverdig – Hy laat die sonde en onreg nie vir altyd ongestraf nie.

Hoe kan dit wees dat God en die hemele se inwoners hulle hieroor verheug? Die antwoord lê in die verdienste van die Lam wie se vrug van sy werk in die boek Openbaring juis ten diepste beskryf word.

- Die Seun van God het sy liggaam laat verbreek, en sy bloed vergiet, sodat ons aandeel in Babilon se lewe betaal kan wees.
- Maar ook sodat sy Gees ons helder mag toeroep dat ons uit die strate van Babilon moet uit. Sodat ons die krag het om met Babilon se lewenswaardes te breek.
- Hy sterf ook sodat hy die satan kan oorwin en breek tot in die toestand van verwoesting en pyn, en magtelose gebondenheid waarin Babilon val – die hel!

'n Profesie oor al hierdie dinge staan reeds in die Ou Testament neergeskryf:

**Daarom, kyk, daar kom dae dat Ek besoeking sal doen oor die gesnede beelde van Babel; en sy hele land sal beskaamd staan, en al sy gesneuweldes sal daarin val. Dan sal oor Babel juig hemel en aarde en alles wat daarin is; want uit die noorde kom die verwoesters oor hom, spreek die HERE. Ook Babel moet val, o gesneuweldes van Israel, soos ook vir Babel geval het die gesneuweldes van die hele aarde. Vrygeraaktes van die swaard, gaan weg, bly nie staan nie, dink aan die HERE uit die verte, en laat Jerusalem in julle hart opkom!** (Jeremia 51:47-50 AFR53)

God is 'n God van genade. Ter wille van die verdienste van die Here Jesus Christus luister hy na die gebede van sy kinders.

## Vers 21

**En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.**

(Openbaring 18:21 AFR53)

Die beskrywing van die val van Babilon het in hoofstuk 17 begin. Die engel het gesê dat hy vir Johannes gaan wys hoe die oordeel oor die berugte stad voltrek word.

- Toe was daar eers 'n onderbreking om die sedelose vrou en die dier te beskryf. Hoofstuk 18 begin met die sekerheid dat Babilon geval het.

- Hierdie woorde in vers 21 wys op 'n aanskoulike manier dat die stad Babilon nog geoordeel sal word. Dis 'n daad wat nog in die toekoms lê.

In die boek Openbaring verskyn die sterk engel telkens tydens 'n beslissingsoomblik in die mensegeskiedenis. Dit is die derde en laaste keer dat 'n sterk engel in Openbaring verskyn:

**En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?**

(Openbaring 5:2 AFR53)

Die oopmaak van die boek is van kardinale belang. Johannes het selfs gehuil toe daar niemand gevind is om die boek oop te maak nie.

**En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aan-gesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;**

(Openbaring 10:1-2 AFR53)

In Openbaring 10:6 het hierdie sterk engel gesê dat daar nie meer tyd oor is nie. Die eindoordeel gaan nou begin.

**En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.**

(Openbaring 18:21 AFR53)

In hierdie vers word gewys dat die val van Babilon 'n voldonge feit is. Vir die ganse wêreld, wat deel gehad het aan die wellustige lewe van die stad, is die val van Babilon 'n groot slag. Ons het gesien hoe hulle te kere sal gaan in die drie treurliedere wat voorafgegaan het.

Met die klip so groot soos 'n meulsteen wat in die see gegooi word, word die finaliteit van Babilon se val gedemonstreer.

- Die meulsteen waarvan hier gepraat word, is die soort wat ge-woonlik deur 'n donkie gedraai is om groot hoeveelhede graan te maal. Die groot steen word in die see gegooi en sak tot op die bodem van die see.

Die Here het hierdie finaliteit van Babilon se val al vooraf gesê:

**En as jy hierdie boek klaar gelees het, moet jy 'n klip daaraan vasmaak en dit binne-in die Eufraat gooi en sê: So sal Babel sink en nie weer opkom nie weens die onheil wat Ek oor hom bring; en hulle sal afgemat wees. Tot sover die woorde van Jeremia.**

(Jeremia 51:63-64 AFR53)

Net soos wat daardie groot steen nooit weer uit die see uitgehaal sal kan word nie, so sal Babilon nie weer kan herleef nie.

- Hierdie algehele vernietiging van Babilon verwys na die oorlog van die tien konings teen die stad, wanneer hulle haar kaal en verlate sal maak (Openbaring 17:16).
- Die finale vernietiging van Babilon sal 'n gewelddadige ineen-storting wees. In die stad sal nooit meer enige vrede of vreugde of enige iets positiefs gevind word nie – dié woorde weerklink in die volgende verse.

**Verse 22, 23a**



**En die stem van sitiespelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie. En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; (Openbaring 18:22, 23a AFR53)**

Terwyl die stad soos 'n groot meulsteen simbolies in die dieptes van die see wegsink, sterf alles in die stad. Dit word 'n plek van dood en doodsheid.

- Alle lewe, alle vreugde en alle positiewe arbeid verdwyn vir ewig daaruit. Die plek word gevul met die angste en ellendes van die hel.
- Daar gaan nooit meer musiek gehoor word nie: **die stem van sitiespelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie.**
- Daar sal ook nooit weer 'n kunstenaar of (Godvererende) kuns in daardie stad gevind word nie – met ander woorde geen mense met talente en gawes sal daar voorkom nie: **geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie.**
- Daar sal ook nooit weer enige ambagsman of nywerheid in die stad wees nie: **die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie.**
- Die stad sal donker wees. Lig is die simbool van God se heerlikheid en teenwoordigheid – dit is nie in die hel teenwoordig nie: **die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie.** Maar in die Nuwe Jerusalem is daar ewig lig! Die heerlikheid van God skyn daar, en dié stad beleef 'n ewige dag.
- Die stad Babilon word die hel; dit sal 'n plek wees waar daar nie 'n stukkie blydschap sal wees nie. Niemand sal feesvier nie. Niemand sal sing of jubel nie. Daar sal net die doodsheid van angs en ellendes en somberheid wees. Die stad sal presies die teenoorgestelde word as wat dit met sy sondige aardsheid wou bereik: **die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie.**

Dit beteken nie dat die stad geen inwoners gaan hê nie! Daar gaan mense wees – maar slegte mense. Die gevolge van die sonde gaan in hulle inloop. In die hel is niemand tot iets goeds in staat nie. Dis onder andere waarom dit so 'n verskriklike plek is.

Let wel: Hier is twee sake van belang waarop gelet moet word:

- Die Here openbaar dat die duiwel vroeg al vooruitgegryp het na die gawes wat God gee en voorgegee het asof dit sy skepping en vindings is. Tog verloor die duiwel en sy magte uiteindelik alles daarvan. Vergelyk hiervoor wat van die geslag van Kaïn geword het:

**En Lameg het vir hom twee vroue geneem. Die naam van die eerste was Ada, en die naam van die tweede Silla. En Ada het Jabal gebaar. Hy was die vader van die tentbewoners en die veeboere. Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die vader van almal wat op sities en fluite speel. En Silla het ook gebaar, naamlik Tubal-Kain, 'n smid wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het. En die suster van Tubal-Kain was Naéma. En Lameg het aan sy vroue gesê: Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentig maal.**

(Genesis 4:19-24 AFR53)

- Terwyl daar in Babilon gehuil en geskree word van angs en ellendes, gebeur presies die teenoorgestelde aanstons in die Nuwe Jerusalem. Daar word feesgevier, en die blydschap is onberekenbaar!

**En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat**

**sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.**

(Openbaring 19:6-9 AFR53)

#### **Verse 23b-24**

**want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.** (Openbaring 18:23b, 24 AFR53)

Die Here gee ten slotte die finale motivering waarom Babilon deur hierdie verskriklike oordeel van die Here getref word. Die Here noem drie dinge wat misdade teen God en die mensdom is:

- Die stad se **handelaars was die grotes van die aarde**. Dit beteken dat hulle die ekonomie op so 'n manier beheer en gemanipuleer het dat hulle self ryk geword uit die uitspattige lewenstyl van die wêreld, maar die res van die mensdom – veral die gelowiges – is daardeur swaar onderdruk en vernietig.
- Die tweede ding wat die Here noem: **deur jou towery is al die nasies verlei**. *Nasies* is natuurlik die woord wat vir die heidene gebruik word. Die mense het juis verheidens omdat sataniese dienste (towery) deur die stad aangebied is as die ware godsdiens. Die nasies is aangegryp deur die dinge wat ongelowige/antichristelike mense in die wêreld regkry.
- Die derde ding is dat Babilon openlik en voluit die kerk van die Here vervolg. Die profete en die heiliges, dit is die gelowiges – word deur haar doodgemaak.